# Jy is niemand se slaaf nie!

**Maandag 11 Julie 2022**

**Kom ons lees saam: <u>Kol 2:20-23</u>**

**20** “Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte
**21** soos: “Hieraan mag jy nie vat nie!” “Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!” “Daaraan mag jy nie raak nie!”?
**22** Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense.
**23** Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie.”

- Jy is niemand en niks se slaaf nie!
- Jy moet niks doen om jou saligheid te verdien nie!
- Jy moet wel uit diepe dankbaarheid, gehoorsaam wees aan God en Hom van ganser harte met liefde dien!

**Paulus verwerp hier wettisisme en mistisisme.**
Paulus verwerp die christen se verslawing aan reëls en wette wat nagekom moet word om jou godsdienstigheid of jou christenskap te verdien of te bevestig.

**Paulus verwerp ook asketisme.** Asketisme is om moreel eties jou lewe so in te rig dat jy as ‘n ware niks van die lewe mag en kan geniet nie, maar alles net moet vergeestelik en jou moet weerhou van bv. lekker kos, ontspanning of om die lewe wat God aan jou gee in soberheid te geniet.

Dit terwyl ons in **<u>Pred 3:13</u>** lees: “Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is ‘n gawe van God.”

**As christene is ons deeglik bewus daarvan dat fisiese dissipline ook in ons lewens noodsaaklik is.**
Want ons liggame is tempels van God, die Heilige Gees. **<u>1 Kor 6:19-20</u>** “Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: **20** julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.”
Ja die Bybel praat selfs van fisiese oefening wat groot waarde het in **<u>1 Tim 4:8.</u>** “Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms.”
Paulus het selfs sy liggaam geoefen **<u>1 Kor 9:27</u>** “Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie.”

Maar om jou liggaam van sekere kosse of gebruike te weerhou om daardeur iets te verdien of te bewys is nie wat God vra nie. Dit is ook nie noodsaaklik om elke dag oefening te doen en ‘n atleet te wees of “Gym” toe te gaan nie.

Nee wat noodsaaklik is, is om absoluut in Jesus Christus te glo en in Sy versoeningswerk aan die kruis. Hy het ten volle vir ons betaal en vir ons die ewige lewe verwerf en vir ons gaan voorberei.
Donderdag kyk ons na Kol 3:1-4 waar die korrekte lewenswyse vir ons aangetoon word.

- Ek is niks en niemand se slaaf nie!
- Ek is wel ‘n dankbare aangenome kind van God wat Hom van ganser harte wil dien met alles wat ek is en het.

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: <u>gskruger1@gmail.com</u>***